basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

## GRAAD 10

## GESKIEDENIS

## MODEL 2012

## MEMORANDUM

**PUNTE: 150**

**Hierdie memorandum bestaan uit 23 bladsye.**

**Assesseringsprosedures by uitgebreide skryfwerk**

1. Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2. Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir 'n relevante inleiding (aangedui met 'n kolpunt (bullet) in die nasienriglyne), vir elke hoofmoment (aangedui met 'n kolpunt), 'n relevante slotopmerking (aangedui met 'n kolpunt), bv. 'n antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

3. Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | ∧ |
| • Verkeerde stelling | __________ |
| • Irrelevante stelling | \|<br>\|<br>\|<br>\| |
| • Herhaling | **R** |
| • Analise | **A**√ |
| • Interpretasie | 1√ |

4. Die matriks

4.1 **Die gebruik van 'n analitiese matriks vir die assessering van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 6)**

By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bl. 7, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. 'n Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding,
gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

4.1.1 Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die **inhoudsvlak** (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

4.1.2 Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op die matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

4.1.3 Ken 'n algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | 18-19 |
| A | VLAK 5 | |

4.2 **Gebruik van holistiese rubriek vir nasien van uitgebreide skryfwerk (verwys na bl. 8)**
Die gegewe rubriek wat inhoud en aanbieding in ag neem, moet gebruik word by die nasien van uitgebreide skryfwerk.

| | | |
|---|---|---|
| I en A | VLAK 5 | 18 - 20 |

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

## VRAAG 1: WATTER FAKTORE HET BYGEDRA TOT DIE UITBREEK VAN DIE FRANSE REVOLUSIE 1789?

1.1 1.1.1 *[Verduidelik historiese begrippe uit Bron 1A – V1]*
- Wanneer 'n koning volle mag oor sy land/monargie het
- Enige ander relevante antwoord (enige1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van relevante bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Frankryk was 'n absolute monargie
- Die koning het mag oor alles
- Die koning het lasbriewe uitgereik
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

1.1.3 *[Verduidelik en analiseer informasie verkry uit Bron 1A – V2]*
- Mense het onseker gevoel
- Mense het die ontvangs van gevangenisstraf gevrees
- Mense het die algehele mag van die koning gehaat
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Onttrekking van relevante bewyse uit Bron 1A – V1]*
- Die wette wat deur die regering uitgevaardig is
- Die swaar/baie belastings
- Stemreg en vryheid van spraak wat van 'n persoon se status afgehang het (3 x 1) (3)

1.2 1.2.1 *[Onttrekking van relevante bewyse uit Bron 1B – V1]*
(a) Indirekte belasting (1 x 2) (2)
(b) Rentebetalings op skuld (1 x 2) (2)

1.2.2 *[Onttrekking van relevante informasie uit Bron 1B – V1*]
20,6 miljoen livres (1 x 1) (1)

1.2.3 *[Verduidelik en analiseer informasie verkry uit Bron 1B – V2]*
- Uitgawe van die koninklike huishouding het tot ontevredenheid met die monargie gelei
- Mense het in armoede geleef en hoë belasting betaal sodat die adellikes 'n hoë lewe kon lei
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.2.4 *[Verduidelik en analiseer informasie verkry uit Bron 1B – V2]*
- Hulle kon minder spandabelrig lewe
- Hulle kon 'n bekwame minister van Finansies aanstel
- Hulle kon 'n begroting opstel
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.3 *[Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe weergegee in Bronne 1A en 1B om 'n slotsom te bereik – V3]*
Kandidate kan die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:

- Die mense was ontevrede met die absolute monargie
- Die mense was ontevrede met koning Louis XVI se tirannie
- Die mense was ontevrede oor die lasbriewe
- Die mense was ontevrede oor die ongelyke betaling van belasting
- Die mense was ontevrede oor die beperking van vryheid van spraak
- Die mense was ontevrede met die hele politieke sisteem in Frankryk
- Die mense was ontevrede met die uitspattige uitgawes van die koning
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. **toon min of geen begrip van watter argumente gewone Franse burgers aangevoer het om hulle ongelukkigheid met koning Louis XVI se regering te regverdig**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 - 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van watter argumente gewone Franse burgers aangevoer het om hulle ongelukkigheid met koning Louis XVI se regering te regverdig**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier om 'n paragraaf te skryf | Punte: 3 - 4 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van watter argumente gewone Franse burgers aangevoer het om hulle ongelukkigheid met koning Louis XVI se regering te regverdig**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | Punte: 5 - 6 |

(6)

1.4 1.4.1 *[Reguit interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*
- Hulle mans het min besittings gehad, maar hulle moes nogtans die feodale gelde betaal
- Die feodale gelde wat hulle moes betaal, het al die kos ingesluit wat hulle besit het
- Hulle was alreeds arm en nou het hulle nog armer geword
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.4.2 *[Onttrekking van relevante informasie uit Bron 1C – V1]*
- 'n Bietjie grond
- Een koei
- 'n Arme ou perdjie (3 x 1) (3)

1.4.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Mense het gesukkel om hierdie feodale gelde te betaal
- Hulle het amper alles gebruik om feodale gelde te betaal
- Hierdie situasie het hulle oud voor hul tyd gemaak
- Enige ander relevante antwoord (Enige 1 x 2) (2)

1.5 1.5.1 *Onttrekking van relevante informasie uit Bron 1D – V1]*

- Kleinboere
- Adellikes
- Geestelikes/priesters (3 x 1) (3)

1.5.2 *[Verduidelik informasie uit Bron 1D – V2]*

- Dit wys die swaar laste van die kleinboere
- Dit wys hoe die geestelikes/priesters bygedra het tot die las van die landbouer
- Dit wys die bydrae van die adellikes tot die laste van die kleinboer
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.3 *[Verduidelik en analiseer informasie verkry uit Bron 1D – V2]*

- Die adellikes sou meer belasting oplê
- Hulle het geen belasting betaal
- Hulle lewe uit die belasting van gewone mense
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

1.5.4 *[Interpreteer en evalueer bewyse uit Bron 1D – V3]*

Kandidate kan die volgende punte gebruik om die vraag te beantwoord:

- Die onderwyser kan die drie figure gebruik om die klasseverskille in Frankryk te verduidelik
- Die onderwyser kan verduidelik hoe die adellikes bygedra het tot die laste van die kleinboer deur belastings te verhoog
- Die onderwyser kan wys dat die geestelikes net 'n bietjie gehelp het met die een vinger deur net jammer te wees vir hulle maar niks daaraan te doen nie
- Die laste kan gebruik word wanneer die verskillende belastings bespreek word bv. soutbelasting, taille, corvee (verpligte werk op die paaie)
- Dagvaardings was ook deel van die laste
- Laste was so swaar dat dit die kleinboere vernietig het
- Laste was so swaar om adellikes 'n uitspattige lewe te laat lei
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. **toon min of geen begrip van hoe 'n Geskiedenis-onderwyser hierdie spotprent kan gebruik om die oorsake van die Franse Revolusie te onderrig**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 - 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe 'n Geskiedenis-onderwyser hierdie spotprent kan gebruik om die oorsake van die Franse Revolusie te onderrig**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier om 'n paragraaf te skryf | Punte: 3 - 4 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe 'n Geskiedenis-onderwyser hierdie spotprent kan gebruik om die oorsake van die Franse Revolusie te onderrig**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | Punte: 5 - 6 |

(6)

**VRAAG 2: WATTER ROL HET KONING SHAKA GESPEEL IN DIE STIGTING VAN DIE ZULU-KONINKRYK?**

2.1 2.1.1 *[Onttrekking uit Bron 2A-L1]*
- Mthethwa
- AmaZulu
- Ndwandwe (3 x 1) (3)

2.1.2 *[Onttrekking uit Bron 2A-L1]*
Shaka word die leier van die Zulus (1 x 2) (2)

2.1.3 *[Onttrekking uit Bron 2A-L1]*
Vermoor baie Zulus (1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van informasie uit Bron 2A-L2]*
Vermoor baie Zulus nie uit hartseer nie, maar om ontslae te raak van sy opponente (1 x 2) (2)

2.1.5 *[Onttrekking uit Bron 2A-L1]*
- Inkorporeer ander kapteinskappe in die AmaZulu
- Stroop graan en vee
- Vir die doel van oorlog
- Om homself teen vyande te beskerm (enige 3 x 1) (3)

2.1.6 *[Verduideliking van historiese begrippe -L1]*
- Proses van politieke transformasie en konflik. Nuwe state is gestig. Stuur ander groepe in 'n lang en gewelddadige migrasie deur die hele subkontinent.
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

2.1.7 *[Interpretasie uit Bron 2A-L2]*
**Kandidate kan aandui of Mzilakazi geregverdig of nie geregverdig was en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun**

**Geregverdig**
- Wou 'n verdere bloedbad verhoed
- Shaka kon hom oorwin het/doodgemaak het
- Mzilakazi het die reg gehad om te vlug om sy eie kapteinskap te stig
- Enige ander relevante antwoord

**Nie geregverdig**
- Moes Shaka in 'n oorlog betrokke kry om hom te verslaan
- Nederlaag van Shaka kon die effek van die Mfecane verminder
- Enige ander relevante antwoord (enige 2 x 2) (4)

2.1.8 *[Identifiseer betroubaarheid van Bron 2A-L3]*
**Nie Betroubaar**
- Eensydig teenoor Shaka
- Het slegs 'n beperkte siening van die redes vir die Mfecane
- Bron bevat feitelike foute [Verwys na 'stories wemel…]
- Teenstrydigheid met ander bronne met betrekking tot Shaka
- Doelbewus geskryf om mense se siening van Shaka te manipuleer
- Enige ander relevante antwoord (3 x 2) (6)

2.2 2.2.1 *[Onttrekking uit Bron 2B-L1]*
- Gehard
- Slinks
- Kundig (enige 2 x 1) (2)

2.2.2 *[Interpreteer sienings van die outeur uit Bron 2B-L2]*
- Shaka het gehandel volgens die bepalings van die wet gehandel
- Mense is gevonnis wanneer wette oortree is
- Shaka het nie anders opgetree as ander burgerlikes wanneer die wet toegepas is nie
- Verslae wat deur wittes opgestel is kon nooit bewys word nie (2 x 2) (4)

2.3 *[Vergelyk informasie uit Bron 2A met 2B-L2]*
- **Bron 2A** - eensydig teenoor Shaka –
- **Bron 2B** - Gee 'n meer gebalanseerde siening van Shaka se regering
- **Bron 2A** – Beskuldig Shaka van 'n massamoordenaar –
- **Bron 2B** – Geen bewyse van 'n bloedbad
- **Bron 2A** - Shaka het net leier van die Zulus geword as gevolg van sy wreedheid.
- **Bron 2B** - Shaka regeer volgens die wet
- **Bron 2A** - Verwys na Shaka as die enigste rede vir die Mfecane
- **Bron 2B** - Daar was ook ander redes vir die Mfecane

- **Bron 2A** - Net negatief teenoor Shaka se leierskap
- **Bron 2B** - Verwys na Shaka se positiewe leierskapeienskappe

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. **toon min of geen begrip van hoe hierdie bronne verskil in hulle beoordeling van Shaka**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 - 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe hierdie bronne verskil in hulle beoordeling van Shaka**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier om 'n paragraaf te skryf | Punte: 3 - 4 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe hierdie bronne verskil in hulle beoordeling van Shaka**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | Punte: 5 - 6 |

(6)

2.4 2.4.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 2C-L1]*

- Verenig en verdeel die noordelike Nguni bevolking van Natal
- Trek stam op stam in 'n Zulu staat
- Duisende vlug na die binneland wat nie met Zulu nasie wou verenig nie (enige 2 x 1) (2)

2.4.2 *[Onttrekking uit Bron 2C-L1]*

**Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling en dan hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun**

**Stem nie saam**

- Binnekring adviseer hom oor belangrike sake
- Hulle kyk ook of hy sy magte misbruik het
- Shaka maak gebruik van indoenas om grond oor te dra, geskille te besleg, vee te versprei
- Enige ander relevante antwoord

**Stem saam**

- Sentrale gesag was die koning (Shaka)
- Het regeer soos 'n despoot (alleen)
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

2.4.3 *[Interpretasie uit Bron 2C-L2]*

- Grond is gelyk verdeel ter wille van voedselproduksie
- Gevoel dat Zulus gelyke ekonomiese regte gehad het
- Grond behoort aan die gemeenskap
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2 ) (4)

2.5 *[Gebruik al die Bronne 2A, 2B en 2C om 'n paragraaf te konstrueer-L3]*
**Kandidate moet staaf of die stelling akkuraat of nie akkuraat is en hulle antwoord met relevante bewyse ondersteun.**

**AKKURAAT**
- Shaka bou 'n sterk weermag om sy vyande aan te val
- Hy begin om ander groepe in die AmaZulu te inkorporeer
- Sy weermag gaan op gereelde strooptogte
- Die wat nie wou inkorporeer word het noord gevlug
- In hulle vraag om nie inkorporeer te word in die AmaZulu nie het hulle ander groepe aangeval
- Hierdie gebeure het 'n kettingreaksie gehad en is so ver as die Victoria-meer gevoel
- Enige ander relevante antwoord

**NIE AKKURAAT**
- Kompetisie in handel – baie groepe in Natal het probeer om handel te kontroleer wat op botsings uitgeloop het
- Vergroting van bevolking lei tot kompetisie oor grond
- Totstandkoming van konfederasies bv. Ndwande onder Zwide, Mthethwa onder Dingiswayo, hulle kompeteer teen mekaar vir grond en handel
- Droogtes wat lei tot veeboere wat soek vir beter weiveld
- Mans sluit aan by die weermag op jonger ouderdom, kapteins meer gereed om te veg as in die verlede
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. **toon min of geen begrip van die tradisionele siening dat die opkoms van koning Shaka gelei het tot die Mfecane.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 - 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die tradisionele siening dat die opkoms van koning Shaka gelei het tot die Mfecane.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier om 'n paragraaf te skryf | Punte: 3 - 4 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die tradisionele siening dat die opkoms van koning Shaka gelei het tot die Mfecane.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | Punte: 5 - 6 |

(6)
**[50]**

**VRAAG 3: WAT WAS DIE IMPAK VAN DIE NATURELLE GROND WET VAN 1913 OP SWART SUID-AFRIKANERS?**

3.1 3.1.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3A – L1)*
- Segregasiebeleid
- Implementering van die Naturelle Grond Wet (1 x 1) (1)

3.1.2 *[Reguit interpretasie van Bron 3A – L2]*
- Om groot dele van grond te reserveer uitsluitlik vir wittes
- Om grond wat deur swartes besit word tot die minimum te verminder
- Enige ander relevante antwoord (enige 1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 3A – L1)*
- Afgesonderde gebiede
- Dorpe (2 x 1) (2)

3.1.4 *[Onttrek bewyse uit Bron 3A – L1)*
- Slawe
- Uitgeworpenes in hulle land van geboorte (2 x 1) (2)

3.1.5 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3A – L2)*
- Hulle is van grond wat deur wittes besit is, weggejaag
- Hulle is verlaag tot vreemdelinge in hulle eie land
- Hulle is onder dwang van grond wat hulle eiendom was, afgesit
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3B – L1)*
Dat sy van haar voorraad ontslae moet raak en haar kinders as kontrakarbeiders aan hom moet gee (1 x 2) (2)

3.2.2 *[Verduideliking van historiese begrip – L2]*
**Kontrakarbeider:**
- Ooreenkoms of kontrak wat die kinders of werkers onder die sorg of toesig van
- hulle baas of grondeienaar plaas
- Ooreenkoms/kontrak wat kinders of werkers bind aan die grondeienaar of baas sonder om betaal te word vir hulle dienste (1 x 2) (2)

3.2.3 *[Analiseer bewyse uit Bron 3B – L2)*
Sy het geweier om ontslae te raak van haar voorraad en haar kinders as kontrakarbeiders aan hom te gee (1 x 2) (2)

3.2.4 *Onttrek bewyse uit Bron 3B – L1)*
Na 'n verlate en onbekende plek (1 x 1) (1)

3.2.5 *[Interpretasie van informasie uit Bron 3B – L2]*
- Sy is gedwing om ontslae te raak van haar lewende hawe
- Sy is gedwing om haar kinders as kontrakarbeiders aan haar grondeienaar te gee
- Sy is uit haar plek en haar gerief (die plaas) gedwing na 'n onbekende oop stuk grond
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Onttrek bewyse uit Bron 3B – L1)*
Sy vrou/Mev. V (1 x 1) (1)

3.3.2 *[Onttrek bewyse uit Bron 3B – L1)*
- Sy het gesê dat die wet nie gehoorsaam moet word nie
- As haar man tronk toe gestuur sou word, was sy bereid om self Pretoria toe te gaan en met Generaal Botha 'n onderhoud te voer
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.3.3 *[Onttrek bewyse uit Bron 3B – L1)*
- Dit het naturelle gedwing om ontuis te voel op 'n wrede/ontevrede manier
- Dit het grond weggevat van swartes wat in die meerderheid was en is gegee vir wittes wat in die minderheid was (1 x 3) (3)

3.3.4 *[Onttrek bewyse uit Bron 3B – L1)*
- (Harde en aanhoudende geklap …)
- (Meer toejuiging, waaronder naturelle uitmekaar gespat het om hulle mielies met groot tevredenheid weg te ry.) (2 x 1) (2)

3.4 *Evalueer die bruikbaarheid van Bron 3C, insluitend betroubaarheid, stereotipering en subjektiwiteit – L3]*
- Bronne is produkte van onderhoude met ooggetuies
- Informasie is gebaseer op ooggetuie verslae
- Ooggetuies voorsien eerstehandse informasie en word beskou as primêre bronne
- Bronne voorsien verslae van werklike gebeure
- Verslae is opgestel deur die eerste sekretaris van die ANC – Sol Plaatje
- Sol Plaatje was opgelei en 'n geloofwaardige leier
- Onderhoude is gehou direk na die inwerkingstelling van die Wet in 1913
- Onderhoude is gehou om die effek van die grondwet op naturelle/swart Suid-Afrikaners te wys en effektief daarin geslaag
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s. **toon min of geen begrip van die betroubaarheid van Bron 3B en 3C rakende die impak wat die Naturelle Grond Wet van 1913 op pagters gehad het.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 - 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv**. toon begrip van die betroubaarheid van Bron 3B en 3C rakende die impak wat die Naturelle Grond Wet van 1913 op pagters gehad het.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier om 'n paragraaf te skryf | Punte: 3 - 4 |

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die betroubaarheid van Bron 3B en 3C rakende die impak wat die Naturelle Grond Wet van 1913 op pagters gehad het.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | Punte: 5 - 6 |

(6)

3.5 3.5.1 *[Reguit interpretasie van Bron 3D – L2]*

- Die SANNC (ANC) het sterk leierskap
- Die SANNC (ANC) het 'n manier gehad om segregasie wetgewing van die
- Unieregering teen te staan
- Enige ander relevante antwoord (1 x 2) (2)

3.5.2 3.5.2 *Onttrek informasie uit Bron 3D – L1]*

(a) John Langalibalele Dube (1 x 1) (1)
(b) Enige een van die volgende:
- Solomon Tshekisho Plaatjie
- Thomas Mapikela
- Walter Rubusana
- Saul Msane
- John Dube (1 x 1) (1)

3.5.3 *[Besig wees met vrae oor eensydigheid, betroubaarheid en bruikbaarheid van bronne – L3]*

- Dit wys slegs dit wat die fotograaf wou afneem
- Dit voorsien net vir die SANNC(ANC)
- Die portefeuljes van ander afgevaardigdes behalwe Dube en Plaatjie word nie
- genoem nie
- Dit kon 'n geposeerde foto wees
- Enige ander relevante antwoord (2 x 2) (4)

3.6 *Vergelyk Bronne 3A en 3D om vas te stel hoe hulle mekaar ondersteun met betrekking tot die rol van die SANNC – L2]*

- Volgens Bron 3A is die SANNC in 1912 gestig om die regte van Naturelle te verteenwoordig en Bron 3D wys die SANNC afvaardiging wat in 1914 na Brittanje gestuur is om ondersteuning te kry teen die Naturelle Grondwet van 1913
- Bron 3A wys dat sy eerste groot toets was om teen die Naturelle Grondwet van 1913 te protesteer en die afvaardiging (Bron 3D) wys die SANNC wat antwoord op die toets
- Albei reflekteer weerstand teen die Unieregering se segregasie beleid
- Albei aanvaar 'n rol van verteenwoordiging van alle naturelle en diegene wat geraak word deur die wet
- Enige ander relevante antwoord

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken

| | | |
|---|---|---|
| VLAK 1 | • Gebruik bewyse op elementêre wyse, d.w.s**. toon min of geen begrip van hoe Bronne 3A en 3D mekaar ondersteun rakende die rol van die SANNC.**<br>• Gebruik bewyse gedeeltelik om 'n paragraaf te skryf of kan nie 'n paragraaf oor die onderwerp skryf nie | Punte: 0 - 2 |
| VLAK 2 | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van hoe Bronne 3A en 3D mekaar ondersteun rakende die rol van die SANNC.**<br>• Gebruik bewyse op 'n baie eenvoudige manier om 'n paragraaf te skryf | Punte: 3 - 4 |
| VLAK 3 | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van hoe Bronne 3A en 3D mekaar ondersteun rakende die rol van die SANNC.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf en toon begrip van die onderwerp. | Punte: 5 - 6 |

(6)
**[50]**

## AFDELING B: OPSTELLE

### VRAAG 4A

*[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasie vaardighede - L1]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet die veranderings wat die volgende gemeenskappe gedurende die tydperk 1340 tot 1850 ondergaan het, bespreek.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**Inleiding:**
Kandidate moet verduidelik hoe hierdie gemeenskappe ontwikkel het of enige ander relevante inleiding.

**Uitbreiding:**
**(a)** MING-DINASTIE
- China is een van die oudste beskawings
- In 1368 het keiser Hongwu sy teenstaanders oorwin en word die eerste keiser van die Ming-dinastie
- Hy stel 'n effektiewe belastingstelsel in
- Mense is meer grond gegee om te boer
- Wette is ingestel om slawe en burgers van China te beskerm.
- Effektiewe regeringstrukture is ingestel

- Outokratiese regerings, mandaryne (senior regeringsamptenare) het 'n hoogs effektiewe staatsdiens gevorm, maar dit kon nie onafhanklik optree nie. Keiser Hongwu was paranoïes oor amptenare wat teen hom saamsweer
- Die keiser en sy familie het in die middel van die stad gewoon
- Beijing word die hoofstad
- Kleinboere betaal belasting
- Vrouens van die middel en hoër klas is opgelei
- Groei van die vloot.  Magtige skepe, goed gebou, groot en kon vir lang tydperke op die see vaar
- Groot Syweg verbind China met Europa, Asië( Japan, Indonesië, Indië en Sri Lanka), Arabië en die ooskus van Afrika
- Items waarmee handel gedryf is, het sy, tee, porselein, geweerpoeier en papier in ruil vir speserye, ivoor, goud en silwer ingesluit
- Tussen 1405 en 1433 het keiser Zhu Di vir Admiraal Zeheng He op sewe seereise gestuur
- Houtskepe wat 40 keer groter was as enige ander skip is in daardie tydperk gebruik
- Wetenskap en kultuur het verbeter en ontwikkel onder die Ming regering
- Medisyne, wiskunde en wetenskap het hoogs ontwikkeld geraak en het die wêreld beïnvloed
- Chinese uitvindings het papierdruk, geweerpoeier, magnetiese kompasse, horlosies ens. ingesluit
- Boeke is gedurende hierdie tydperk gedruk deur die gebruik van houtblok drukwerk
- 11000 volumes van ensiklopedieë, wat die kennis van geskiedenis, aardrykskunde, wetenskap, medisyne, musiek en letterkunde gereflekteer het, is gedruk
- China raak tegnologies gevorderd - In die 15de eeu het China groot geboue, waterweë en 'n see vloot gebou
- Stel handelsbetrekkinge op
- Wetenskaplike en kulturele prestasies
- Kontak met Europa
- Enige ander relevante aspek oor die tema

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

**(b)** SONGHAI-KEISERRYK

- Gemeenskappe is hoogs gestruktureerd
- Sonni Ali – neem Wes-Afrikaanse gebied oor; briljante administrateur – verdeel die  Songhai in twee provinsies met elkeen se eie goewerneur en weermag; word in Songhai se mondelingse tradisie beskou as 'n sterk leier
- Askia Mohammed het in 1493 mag oorgeneem
- Ontwikkel 'n nuwe sisteem van wette en belasting
- Brei die weermag uit
- Moedig skoolopleiding aan
- Trans-Sahara handel het gebloei
- Die stad Timbuktu het 'n florerende kulturele en handelsentrum geword
- Bring vrede, stabiliteit en groei
- Moedig kultuur aan – astronomie, Timbuktu manuskripte
- Enige ander relevante antwoord
- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

**(c)** MUGHUL-KEISERRYK

- Babur is die stigter van die Mughul Keiserryk
- Neem Afghanistan en Delhi oor
- Akbar word die leier van die Mughul Keiserryk nadat sy pa sterf
- Stig 'n hoogs effektiewe staatsdiens
- Weermag is hervorm – as hulle, hulle mag misbruik – gestraf
- Maak radikale veranderings aan die belastingstelsel
- Laat Hindoes toe om onder hulle eie wet te wees
- Mughul regeerders laat die Portugese, Hollanders, Britte en Franse toe om handelsposte in Indië te stig
- Binnelandse handel floreer
- Astronomie en tegnologie floreer
- Ontwikkel 'n spesifieke boustyl
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

**OF**

**VRAAG 4B**

*[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasie vaardighede - L1]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet aandui of hulle met die stelling saamstem of nie saamstem nie. As hulle met die stelling saamstem, moet kandidate verduidelik hoe die wêreld in 1500 verskillend was van die wêreld waarin ons vandag lewe. Hulle moet ook elk van die keiserryk se sterk en swak punte verduidelik. As hulle nie saamstem met die stelling nie moet hulle, hulle argument met relevante voorbeelde ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**Inleiding:**
Kandidate moet aandui watter keiserryk hulle gekies het en verduidelik waarom daardie keiserryk verskillend is van die een waarin ons vandag lewe of enige ander relevante inleiding.

**Uitbreiding:**
(a) MING-DINASTIE
*Sterk punte*

- Regering, heerskappy en gemeenskap
- Handel & Reis- invloed langs die Asiatiese seeroete, skat vlootekspedisies van die Zheng He van 1405 tot 1433
- Tegnologie- skeepsbou, navigasie(kompas), Chinese seevaarders stel wêreldkaarte op
- Beskerm homself- Groot Muur van China
- Groei in kuns, letterkunde en die druk van boeke - blok drukwerk
- Wetenskaplike en kulturele prestasies van die Ming-dinastie

*Swak punte*

- Despotiese regeerder – keiser se vrees om mag te verloor
- Vertrou nie vreemdelinge nie
- China kyk binnewaarts
- Stryd om mag binne-in/korrupsie/weerstand deur burgers om belasting te betaal –ekonomiese probleme
- In 1911 het die Manchua die Ming Keiserryk ingeval en die nuwe heersers geword
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

(b) SONGHAI-RYK

*Sterk punte*

- Regering en gemeenskap
- Reis en handel in Songhai op die hoogtepunt van sy mag (Arabiese, Italiaanse en Joodse handelaars in Timbuktu)
- Leer en kulturele sentrum- godsdiens, wiskunde, sterrekunde, musiek, wet en letterkunde in Timbuktu
- Publikasie van boeke, skoliere produseer

*Swak punte*

- Stryd om mag
- Burgeroorlog
- Marokkaanse sultan wou goudvelde in Wes-Afrika beheer en in 1591 het die
- die Marokkaanse weermag die Songhai verslaan
- Val van die Keiserryk in 1591 toe Marokko ingeval en oorgeneem is

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

(c) MUGHUL-KEISERRYK

*Sterk punte*

- Regering en gemeenskap
- Handel in die Indiese Oseaan en die Islamitiese wêreld
- Sterrekunde en tegnologie (grenslose heelal)
- Argitektuur in die 16de en 17de eeue: die Taj Mahal.

*Swak punte*

- Buitensporigheid van keisers het veroorsaak dat sommige state in Indië bankrot
- geraak het
- Hardvogtige behandeling van Hindoe mense.
- Sommige keisers word skynregeerders sonder enige werklike mag.
- Brittanje het verslaan en oorgeneem.

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

**[50]**

## VRAAG 5A

*[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasie vaardighede - L1]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet die proses van kolonisasie en sy gevolge op inheemse gemeenskappe bespreek. Hulle kan of Spanje of Portugal kies as 'n voorbeeld van koloniale mag.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**Inleiding:**
Kandidate moet die redes vir kolonisasie verduidelik of enige ander relevante inleiding.

**Uitbreiding:**
SPANJE

- Redes vir kolonisasie- gierig, ekonomies, prestige, superioriteit, polities, religieus ens.
- Die Spaanse verowering van sentraal en Suid-Amerika begin toe Spanje 'n seeroete wou vind om met Asië handel te dryf deur weswaarts te vaar
- Christopher Columbus, 'n Italiaanse handelaar aangestel deur Spanje vind 'n seeroete, land in plaas daarvan in Amerika
- Hulle noem die inheemse mense Indiane omdat hulle glo dat hulle Indië bereik het
- Die Spanjaarde het twee keiserryke verslaan, die van die Asteke en Inkas
- Redes waarom die Asteke oorwin is: Spanjaarde het beter wapens, perde, sterk leierskap gehad; inheemse mense het geen weerstand teen siektes soos pokkies nie, gebring deur die Spanjaarde. Plaaslike mense is nie voorbereid op die aanval op hulle nie
- Redes waarom die Inkas oorwin is – tekort aan goeie wapens, nie bereid om teen Spanjaarde te veg nie, droogte wat lei tot hongersnood en baie Inkas doodmaak.

*Gevolge - negatief*

- Verlies van manne aan beide kante
- Asteke se skatte het verloor
- Asteke het geen immuniteit gehad teen siektes wat deur Europeërs ingebring is
- Driekwart van die naturelle bevolking sterf as gevolg van geweld en siektes
- Die Asteekse hoofstad Tenochtitlan het op 13 Augustus 1521 geval en Spanjaarde vernietig die stad en bou Mexiko bo-op dit
- Asteekse bevolking is vernietig as gevolg van die Spaanse verowering

*Positiewe veranderings*

- Bring ruil van idees en produkte
- Huishoudelike diere soos perde, skape, vee, varke is deur Spanjaarde aan Amerika bekendgestel
- Spanjaarde bring suiker en verskillende soorte graan en vrugte saam met hulle
- Stel 'n nuwe dieet bekend. Spanjaarde neem produkte soos aartappels, boontjies en mielies terug na Europa

- Spanjaarde het die inheemse mense bekeer tot Katolieke, dit is steeds oorheersend in sentraal Afrika
- Enige ander relevante punt

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

PORTUGAL

- Redes vir kolonisasie
- Terwyl die Spanjaarde gesoek het na 'n weswaartse roete oor die Atlantiese oseaan
- na die rykdom van Asië, het die Portugese oos om Afrika gevaar
- Die Portugese het die seehandel gemeenskap in die Indiese Oseaan vernietig deur
- die gebruik van gewere en kanonne
- Inheemse gemeenskappe is vernietig of moes vir die Portugese werk. Seehandel is ontwikkel deur die plaaslike Swahili mense wat al langs die ooskus gewoon het. Hulle het met Indië, China en Persië(Iran) handel gedryf
- Hierdie handelsroetes het bestaan voordat Europese skepe vir die eerste keer in die 15de eeu om die kus van suidelike Afrika gevaar het
- Handel tussen die Egiptenare, Arabiere, Perse en Grieke wat die ooskus van Afrika besoek het, het bestaan voor die geboorte van Christus. Handelaars het gekom en weer huis toe gegaan: hulle het nooit daar gebly tot baie jare later.
- Oos Afrikaanse stadstate het op daardie selfde stadium items van Asië gebring. Baie mense wat in hierdie stadstate gewoon het, het op hierdie stadium items van Asië gekoop en was gewillig om hoë pryse te betaal vir sy, katoen en porselein voorwerpe. Hierdie was Afrika se invoere in die Indiese Oseaan handel
- Voor die aankoms van die Portugese in die Indiese Oseaan in 1498, het geen enkele mag probeer om seeroetes, wat die hawens van die Indiese subkontinent met die Midde-Ooste en China na die Ooste verbind het, te monopoliseer. Vreedsame handel het in die Indiese Oseaan bestaan
- Die Indiese Oseaan handel het met klein handelsnedersettings begin in ongeveer 800 VC, en is beëindig toe die Portugese in die 1500's ingeval het en probeer het om die handel te beheer vir hulle eie profyt
- Vasco Da Gama se doel was om 'n roete te vind na Asië deur van Portugal om Afrika na Indië te vaar. Da Gama se doel was om 'n vinniger, goedkoper roete na die ooste te vind; om 'n monopolie van 'n moontlike seeroete na Indië te verseker
- Die Portugese het eerste by die Kaap van Goeie Hoop in 1488 aangekom op 'n ekspedisie gelei deur Bartolomeus Dias
- In 1497, het vier skepe onder die navigator Vasco Da Gama om die Kaap die Goeie Hoop oor die Indiese Oseaan na Calicut, 'n stad in Suid-Indië, geseil
- In 1499 het Da Gama na Portugal teruggekeer en die koning en koningin van sy ondervinding vertel, insluitende stories van groot hoeveelhede goud, ivoor, porselein, sy en katoen
- Toe die Portugese die roete na Indië ontdek het, het hulle mag oorgeneem van die mees winsgewende dele in Oos-Afrika, die Persiese golf en verskeie dele in Indië
- Die Portugese het forte in kus areas opgerig en van daar af gereelde seepatrollies begin wat Portugese die reg gegee het om ontslae te raak van hulle teenstaanders. Hulle het 'n semi-monopolie ingestel op speseryhandel teen die middel van die 16de eeu

- Die Portugese brei verder oos uit wat dit moeilik gemaak het vir die Weste om hulle monopolie te handhaaf
- Teen 1505 is die speseryhandel van Asië na Europa as 'n 'koninklike monopolie' deur die Portugese, wat omkoopgeld en militêre mag gebruik het om hulle mag te behou, verklaar
- Regdeur die 16de eeu het die Portugese geen teenstaanders gehad op die seeroete
- om Afrika nie. Hierdie situasie het vroeg in die 17de eeu verander toe albei die
- Hollanders en Britte Oos-Indiese maatskappye gestig het
- Enige ander relevante punt **[50]**

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

**OF**

## VRAAG 5B

*[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - L2]]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die stelling nie. As hulle met die stelling saamstem moet kandidate verduidelik hoe slawehandel 'n groot invloed op inheemse mense van die Kaap gehad het. As hulle nie saamstem met die stelling nie moet hulle, hulle argument met relevante voorbeelde ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**Inleiding:**
Kandidate moet verduidelik waarom slawehandel toegepas is of enige ander relevante inleiding.

**Uitbreiding**
- Geskiedkundiges glo dat rassisme gedeeltelik verantwoordelik was vir slawerny. Vir baie jare het Europeërs Afrikane slegs gesien as slawe en geglo dat hulle minderwaardig is. Hulle het swart mense gesien as geskik vir slawe. Hulle het hulle op minderwaardige wyse behandel. Rassistiese idees het ontwikkel uit slawerny. Self nadat slawerny afgeskaf is het hierdie idees in sommige gemeenskappe voort geleef
- Regdeur die 16de eeu het die Portugese geen teenstaanders op die seeroete om Afrika gehad nie. Hierdie situasie het in die vroeë 17de eeu verander toe albei Hollanders en Britte Oos-Indiese maatskappye gestig het
- In 1602, is die Oos-Indiese Kompanjie (VOC), 'n gesamentlike voorraad maatskappy gestig
- Styg uit as 'n kragtige mag in 'n opkomende wêreldhandel
- Verkry 'n belastingvrye monopolie van Oosterse handel vir 21 jaar
- Is toestemming gegee om forte te bou, kolonies te stig, munte te slaan en 'n weermag en vloot te onderhou
- Die Hollandse militêre en ekonomiese inspanning het op Afrika en Asiatiese markte en goedere gefokus. Die VOC se hoof handelsbelange was die spesery eilande van die Oos-Indies. Die Hollanders het dus Portugese handel in die Ooste uitgedaag en beskadig

- In 1595 het die eerste Hollandse ekspedisie Amsterdam verlaat vir Suidoos-Asië. 'n Ander Hollandse ekspedisie het in 1598 weggevaar en weer een jaar later teruggekeer met 600 000 pond speserye en ander goedere vanaf Indië
- Die seevaart na die Ooste was baie lank. Seilskepe moes hawens aandoen waar hulle vars water, vleis en groente kon kry
- Die Kaap van Goeie Hoop het 'n halfwegstasie op die roete na die Ooste geword
- Uiteindelik het die status van die Oos-Indiese Kompanjie verswak as gevolg van die groeiende Britse invloed
- Binne 20 jaar het die Hollanders aanspraak gemaak op die land; oor die volgende 150 jaar het hulle die inheemse volke begin beheer
- San jagters het suidelike Afrika vir ongeveer 40,000 jaar bewoon. Hulle was jagters wat uit die grond geleef het en geen vee gehad het nie. Baie San het gesterf as gevolg van oordraagbare Europese siektes nadat die Europeërs arriveer het
- Die HOIK het hulle bes gedoen om die San uit te wis. Toe die eerste Hollandse setlaars die Kaap gekoloniseer het, het hulle die San as 'n sport gejag want hulle het hulle beskou as diere en nie mense nie
- Die Khoi skaapwagters het in die suidelike Kaap gewoon sedert 500VC
- Die Koikoi het nie permanente plase gehad nie en het rondbeweeg soos seisoene verander het om op die uitkyk te wees vir weiding vir hulle beeste en skape (nomadies)
- Koikoi het in direkte konflik gekom met die setlaars soos hulle na die binneland getrek het. Die setlaars het beeste en skape met geweld van die Koikoi geneem
- Wanneer setlaars handel gedryf het met die Koikoi, het hulle baie minder betaal as wat die waarde van die item was
- Die Koikoi het teenstand gebied deur watergate te vergiftig en was betrokke in 'n klomp gevegte en twee oorloë teen die Hollanders
- Uiteindelik het die meeste Koikoi, wie in die grense van die Kaapkolonie gewoon het, teen die 18de eeu as bediendes van die Hollanders gewerk
- Die setlaars aan die Kaap het gewoond daaraan geraak dat mense met 'n wit vel meerderwaardig is teenoor mense met 'n donker vel. Trekboere het nie geglo dat die Khoisan gelyk behandel moes word met die Europeërs
- In 1713 het 'n Hollandse skip pokkies gebring na die Kaap, 90 persent van die bevolking is uitgewis deur hierdie siekte omdat hulle nog nie voorheen met so 'n siekte te doen gehad het nie.
- Enige ander relevante punt

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot **[50]**

**VRAAG 6A**

*[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - L1]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet die gevolge van koloniale uitbreiding op inheemse bevolkings wat in die binneland van Suid-Afrika gewoon het, bespreek.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**Inleiding:**
Kandidate moet die redes vir koloniale uitbreiding op inheemse volke verduidelik of enige ander relevante inleiding.

**Uitbreiding:**
- Hollanders jag die San as 'n sport – beskou hulle as diere
- Hollandse boere bewoon grond in die westelike deel van die land wat 'n negatiewe impak op die lewe van San jagters en Khoi skaapwagters gehad het
- Europese setlaars skiet wilde diere – het veiligheid vir die San beteken
- Konflik tussen die setlaars en die San het die verlies van baie lewens van inheemse mense tot gevolg
- San is gedwing om na die droër Groot Karoo te trek
- Boerekommandante maak die manne dood en neem die vrouens en kinders gevange en gebruik hulle as arbeiders op hulle plase
- Toe die Khoi hulle grond verloor het hulle bediendes en skaapwagters op Hollandse plase geword
- San, Khoi en Xhosa het saam geveg om hulle grond te beskerm teen Hollandse uitbreiding van die Kaapkolonie
- Baie San het gesterf van oordraagbare siektes
- Hollandse koloniste het beeste gewelddadig by die Khoi geneem
- In die handel vir beeste en skape is die Khoi min betaal deur koloniste
- Nuwe beleid is ingestel op die San en die Khoi deur die Britte
- Probeer om die San by Britse sendingstasies te vestig
- Stig reservate vir die San in Boesmanland; setlaargeweld teen hulle hou aan
- Caledon Kode - is ingestel om die Khoi te dwing om permanente werkers op setlaarplase te word
- Baie het verkies om by sendingstasies te werk
- Khoi net soos die San trek weg van die Kaap want hulle wil nie bediendes word
- van die setlaars
- Veroorsaak armoede – geen weiding
- Lei tot die ontwikkeling van rassisme en rassevooroordeel
- Psigologiese impak – geloof onder inheemse volke dat hulle minderwaardig was teenoor Europeërs
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot.

**OF**

## VRAAG 6B

*[Beplan en konstrueer 'n argument gebaseer op bewyse deur die gebruik van analitiese en interpretasievaardighede - L2]*

**SINOPSIS**
Kandidate moet assesseer of die stelling akkuraat is al dan nie. Indien die stelling akkuraat is, moet kandidate Moshoeshoe as 'n militêre strateeg, diplomaat, onderhandelaar, versoener en nasiebouer verduidelik. As die stelling nie akkuraat is nie moet hulle, hulle argument met relevante voorbeelde ondersteun.

**HOOFASPEKTE**
Kandidate moet die volgende aspekte in hulle antwoord insluit:

**Inleiding:**
Kandidate moet verduidelik hoe Moshoeshoe aan bewind gekom het en die Basotho nasie gestig het of enige ander relevante inleiding.

**Uitbreiding:**
- Verlaat sy vader se huis om sy kapteinskap te vestig
- 1824 – sy volgelinge is aangeval deur die Tlokoa
- Gedwing om te vlug na Thaba Mosiu
- Sy kapteinsgebied het begin groei
- Gee hulle grond
- Teen 1840 – het 40 000 volgelinge
- Kom te staan teen uitdagings van die Griekwa en die Koras, wit trekboere en Voortrekkers, sendelinge en die Britte
- 1843 – Moshoeshoe sluit 'n verdrag met die Britse goewerneur – stem in tot 'n grens vir die Sotho koninkryk
- Britte gaan teen hierdie verdrag
- Lei tot gevegte tussen die Britte en die Sotho
- Twee keer oorwin die Sotho die Britte
- Bloemfontein-konvensie word onderteken
- Britte gee hulle land op vir die Voortrekkers
- Lei tot 'n reeks oorloë tussen die OVS en die Sotho
- Meer oorloë het gevolg
- Moshoeshoe vra die Britte vir beskerming
- 1868 – Moshoeshoe stem in dat die Sotho koninkryk 'n Britse kolonie word wat Basoetoland genoem word
- Enige ander relevante antwoord

- Slot: Kandidate moet hulle argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

**TOTAAL: 150**